

BRIEWE VAN ONS LESERS

• Gerald Rademeyer

“HËPPIE KRISMIS” NGWATHE AMPTENARE

Dit is baie moeilik om ‘n brief wat aanvaarbaar is in ‘n gesinskoerant te plaas. Eerstens, vir die publiek om te lees en tweedens om nie as ‘n rassis of ‘n aktivis gesien te word nie.

Ry rond in die dorp, die enigste twee strate wat nog rybaar is, is Langmarkstraat en ‘n gedeelte van Kerkstraat, gaan verby Jacobsstraat en die slaggate sluk jou in. Onwillekeurig wonder jy waar het wat verkeerd gegaan dat ‘n dorp met trots kon verander in ‘n vierde wêreldse “woongebied” en dan besef jy, gee ‘n dorp vir die ANC met sy amptenare en 27 jaar later is dit die resultaat wat behaal is.

Is daar enige trots in die mense wat in beheer is van die munisipaliteit? Is daar ‘n verstaan van volhoubaarheid? Onwaarskynlik, want dan sou die dorp nie so gelyk het nie, mense is steeds in diens en werksmag het selfs vergroot terwyl



dienslewering basies tot niet gegaan het.

Weet die uitvoerende bestuurslede wat in die dorpe aangaan? Heel waarskynlik nie, indien hulle wel in die dorp sou beweeg, sou hulle beslis die daaglikse verval kon sien, dalk is hulle te skaam om in die dorpe te beweeg, ek sou wees.

In die privaatsektor word personeel gemeet aan die uitsette van sy of haar “Kritieke Prestasie Area” se resultate en indien die vereiste resultate nie behaal word nie, is daar bepaalde dissiplinêre aksies wat geneem word. Dit is duidelik dat so iets GLAD nie bestaan in die munisipaliteite se dienskontrakte nie, want indien dissiplinêre aksies wel geneem sou word vir swak werksprestasies sou dorpe en infrastruktuur beslis nie so verval het nie.

Die kersboompies by die aangehegte foto is geplaas by elkeen van die slaggate op ‘n klein stukkie van die straat na die hospitaal.

‘N BUL VAN ‘N OS

Dië os het verlede Donderdag die skaal op 1470kg getrap tydens die jaarlikse vetveeving van BKB op Frankfort. Jan Mostert, bestuurder van BKB Noord, sê dat dit die grootste os is wat hulle nog ooit verkoop het en die gewillige koper was BBB Abattoir op Heilbron. Johan Breitenbach van BBB staan hier saam met sy dogter, Ellen-Louise Dreyer van Star Slaghuis, by die karkas wat sy by hom gekoop het om vir die slaghuis te bewerk. Lus vir ‘n lekker groot lang stuk geelvet biltong? Kry dit by Star Slaghuis. Die Chianina os het 970kg uitgeslag en is vir R52 000 op die veiling verkoop.



Mag julle feesyety gevul wees met liefde, lag en saamwees. Mag elke dag vir julle menigste bring in die jaar wat voorskyn.

vkb

VKB Handel Heilbron | 058 852 3499

Telkom Easy Connect Fibre – internet that doesn't break your budget.

Introducing a NEW fibre solution that opens a world of monate in your home from just **R299pm.**

Stable and uncapped 10Mbps/5Mbps fibre.

No router required.

Affordable month-to-month contract.

Ungaphoswa, get Telkom Easy Connect Fibre for your home. Call 10213 | Click telkom.co.za | Go to any Telkom shop

T&C apply. E&OE